

Alicia weer gekroon

Rustenburg – Alicia Roets string die titels en krone in; ons hou haar toekoms met belangstelling dop!
Alicia het die Mej Karnaval 2017 kroon verower in die 13-15 jaar kategorie by die ATKV Buffelspoortfees op 4 Maart 2017. Sy het ook die best hair en photogenic

toekenning ontvang in haar groep. Alicia is 'n model van Globe Model Look (GML) Rustenburg.
"Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om dankie te sê vir Lizelle en Zorina vir al hul ondersteuning," sê Alicia.



Regs; Alicia Roets, Meisje van die Meisies 2017, 13-15 jaar kategorie.




Christen Naude, wenner van die Meisje van die Meisies 2017, in die 16-18 jaar kategorie.

Anselin vir Mrs SA

Rustenburg – Anselin Fienies van Globel Model Look (GML) Rustenburg, is die enigste model van Rustenburg wie verkies is na die Top 100 Mrs SA platform.
Die goeie nuus is haar meegedeel op Vrydag, 3 Maart 2017.
Die 27-jarige wil die wêreld versit met haar uitgaande persoonlikheid. "Ek doen al modelwerk sedert driejarige ouderdom," vertel sy in 'n onderhoud met die *Platinum Weekly* koerant. Anselin hou van musiek en is lief vir mense, sy hou ook van sing en dans. "Ek is altyd gewapen met 'n glimlag en lewe elke dag voluit!" Ook is Anselin 'n groot krieket en rugby liefhebber. Anselin het alreeds verskeie groot model titels ingepalm.

Rustenburg wens haar alle voorspoed toe.



Anselin Fienies

Superugby 2017, Week 2

Force vs Reds
In Perth verras die Force en klop die Reds 26-19 in 'n tipiese Aussie derby. Die Force se volgende game is teen die Brumbies in Canberra met die Reds wat in Brisbane teen die Crusaders gaan uitdraf.

Chiefs vs Blues
Kookwater ruggas word opgedis in Hamilton met die Chiefs wat met 41-26 seëvier. Die Chiefs gaan beslis weer 'n faktor wees in vanjaar se reeks. Die Blues speel volgende teen die Highlanders in Auckland met die Chiefs wat tuis teen die Hurricanes gaan uitdraf. Hierdie twee games gaan klip-hard wees met hierdie vier spanne wat tans die pas aangee in vanjaar se reeks ou grote.

Hurricanes vs Rebels
In Wellington het 'n orkaan die Aussies getref ou grote. Die Canes het die Rebels verwoes en wen verspot maklik 71-6. Die Canes speel volgende teen gedugte teenstand in die vorm van die Chiefs in Hamilton. Die Rebelle het gelukkig 'n loslootjie en het baie tyd om hulle wonde te lek.

Highlanders vs Crusaders
In 'n opwindende game kom die Crusaders van agter af en klop die Highlanders 30-27. Met 15 minute speelyd oor was die Highlanders 27-13 voor maar die Saders het ander planne gehad en haak die knoop deur met 'n skitter eindpoging. Die Highlanders speel volgende teen die Blues in Auckland met die Saders wat in Brisbane teen die Reds gaan uitdraf.

Brumbies vs Haaië
Die Haaië behaal 'n belangrike oorwinning in Canberra oor die Brumbies en wen 27-22. Die Durbaniete se buiteseiter Likhanyo Am druk die wendrie in die doodsnik met 'n puik steekskopie deur Curwin Bosch om die telling op 25 elk te bring. Pat Lambie het koelkop soos gewoonlik gebly en verdoel die drie en die res is geskiedenis. Lambie het 'n groot game gehad vir die Haaië. Die Brumbies speel volgende teen die Force in Canberra met die Haaië wat in Durban teen die Waratahs gaan

Sunwolves vs Kings
Die Kings behaal 'n seldsame oorwinning in Singapoer en klop die Japanese Wolwe 37-23. Die tyd van wonderwerke is definitief nog nie verby nie ou grote. Die Sunwolves reis Suid Afrika toe en draf teen die Cheetahs in Bloem uit met die Kings wat tuis teen die Stormers gaan speel.

Leeus vs Waratahs
In Jo'burg brul die Leeu weer hard en klop die Waratahs 55-36 in 'n baie goeie game ou grote. Ross Cronje het op skrummie die rigting gegee en het 'n puik game gehad. Die Leeus speel volgende teen die Jaguars in Buenos Aires met die Tahs wat in die Haai-tenk teen die Haaië gaan uitdraf.

Stormers vs Jaguars
In Kaapstad wen die Stormers weliswaar 32-25 maar het glad nie oortuig nie. Was dit nie vir die twee geel kaarte wat die Argentynse gekry het nie was die Kapenaars des moontlik met die kous oor die kop kleedkamer toe ou grote. Maar 'n wen is 'n wen. Die Stormers speel volgende teen die Kings in PE met Jaguars wat tuis in Buenos Aires teen die Leeus gaan uitdraf.

Cheetahs vs Bulle
Die Blikore behaal 'n puik sege oor die Bulle in Bloem en wen welverdiend 34-28. Die Bulle se coach het meer worries as om oor 'n lynstaan drie deur die Cheetahs te mor - ou grote. Franco Smith het met 'n paar meesterlike skuive gekom en skaakmat vir die Bloues. Die Bulle het 'n loslootjie en sal moet kraal toe om te leer om nie van die vloer af te vreet nie, want twee gespeel en twee verloor, glad nie goed vir 'n Bul se kondisie nie. Die Cheetahs draf tuis uit teen die Sunwolves.

Nag ou grote...



2017 MARAKELE marathon date set



Thabazimbi – Marakele National Park's most popular event, the Marakele marathon and half marathon's date has been announced to be the 08th of April 2017. This Comrades qualifier race is brought by SANParks in partnership with SANParks Honorary Rangers and Thabazimbi marathon club.
This is a unique marathon which takes place inside the park and aims to bring both the ordinary members of the public as well as the professional running community of South Africa to have some fun and take "a run on the wild side".
It also focuses the public and the media's attention on the importance of conservation and tourism initiatives which are key to the functioning of a national park. Furthermore, the marathon provides an opportunity for runners to experience the wild as well as get the opportunity to qualify for the popular Comrades marathon. Participants can choose to complete one of three races, the full marathon which is 42 km, and a half marathon which is 21 km or a 10 km race. There is also a 5 km fun run for the whole

family, which is very popular among children and casual supporters. Participants are limited to 300 runners per race and there is no limit on the 5 km fun run.
According to Marakele's Park Manager, Mphadeni Nthangeni, "This marathon has gained so much momentum and we do it for the people of Thabazimbi and South Africa at large... getting an opportunity to run in a big five national park is a thrilling feeling and this event offers that to the participants and we hope this year won't be any different." He further added that, "The proceeds from this marathon will go to the Honorary Rangers who will plough it back into the park towards conservation activities."
Those who wish to participate can register online at www.racetime.co.za and manual entries as well as accommodation in the park please contact Elise Coetzer on elisecoetzer65@gmail.com or fax 086 613 0720.
For additional information, contact the South African National Parks (SANParks) on 012 426-5304.

WARRIORS REG VIR AKSIE!

Rustenburg – Die Rustenburg Warriors, onder leiding van John Griffiths (hoofafrigter) het alreeds in volle vaart weggespring. Oefening sessies vind Donderdae om 18h00 plaas by die Bobbies Rugby klub.

Alle belangstellendes wat by die manne wil aansluit, kontak vir Griffiths by 079-849 0813 of stuur 'n e-pos aan john.griffiths@implats.co.za. Die liga begin alreeds in Maart vanjaar.



Weather Report North West Rustenburg

| | | | | |
|----------|----|-------|------|-------------|
| Friday | 10 | March | 2017 | 27°C - 13°C |
| Saturday | 11 | March | 2017 | 25°C - 14°C |
| Sunday | 12 | March | 2017 | 30°C - 17°C |
| Monday | 13 | March | 2017 | 31°C - 17°C |
| Tuesday | 14 | March | 2017 | 27°C - 16°C |

At time of print

FINANCIAL INDICATORS

| | | |
|----------------------------|---|-----------|
| Crude Oil (OIL) | R | 722.78 |
| Gold Ounces (XAU) | R | 15 804.72 |
| Platinum Ounces (XPT) | R | 12 484.37 |
| Palladium Ounces (XPD) | R | 10 012.90 |
| United States Dollar (USD) | R | 12.96 |
| British Pound (GBP) | R | 15.82 |
| Euro (EUR) | R | 13.69 |
| Chinese Yen (CNY) | R | 1.88 |
| Namibian Dollar (NAD) | R | 1.00 |
| Lesotho Loti (LSL) | R | 1.00 |

At time of print

SUDOKU

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 9 | 1 | | 3 | | | | | |
| | 1 | | 6 | | 2 | 4 | | | |
| 7 | | 3 | 8 | | | | | | |
| | | | | 4 | 6 | | | | |
| | 8 | 3 | | 1 | 9 | | | | |
| 2 | 7 | | | | | | | | |
| | | | 9 | 3 | | | 5 | | |
| 6 | 7 | | 2 | | 8 | | | | |
| | | 9 | | 4 | 6 | | | | |
| | | | | | | | 8 | 3 | 5 |
| | | | | | | | 4 | 7 | 9 |
| | | | | | | | 8 | | 2 |
| | | | | | | | 4 | 3 | 5 |
| | | | | | | | 2 | | 6 |
| | | | | | | | 5 | | |
| | | | | | | | 6 | 3 | 9 |
| | | | | | | | 9 | 4 | 1 |
| | | | | | | | 1 | | 8 |
| | | | | | | | | 8 | |
| | | | | | | | | 5 | 6 |
| | | | | | | | | 3 | |
| | | | | | | | | 7 | 8 |
| | | | | | | | | | |